Luckhoffstraat, Durbanville, 7550 | Posbus 43, Durbanville, 7551
Tel: 021-975-1125 **Faks:** 086-665-9546
E-pos: admin@dvprep.co.za | **Web:** www.dvprep.co.za

Voorbereidingskool
DURBANVILLE
Preparatory School

Maak 'n verskil 2024 Make a difference

1 Maart 2024

Beste Voornemende Gr R Ouers /Voogde

Durbanville Voorbereidingskool Preprimêr: Gr R Aansoek om toelating vir 2025

Die Beheerliggaam van Durbanville Voorbereidingskool wil graag aan die Durbanville gemeenskap inligting gee rakende die aansoekproses om toelating van Gr R leerders vir 2025 by Durbanville Voorbereidingskool Preprimêr.

Durbanville Voorbereidingskool Preprimêr is die enigste WKOD Openbare Gr R skool in die Durbanville omgewing. Ons is dus onderhewig aan die WKOD se regulasies.

Die skool wil graag die volgende onder u aandag bring:

1. Aansoeke vir Gr R 2025 sal op die WKOD se aanlynstelsel gedoen moet word. Geen harde kopie aansoeke sal aanvaar word nie.
2. Die skakel vir aanlyn aansoeke is: Admissions | Western Cape Education Department.
3. Aansoeke open 1 Augustus 2024 en sluit 16 Augustus 2024.
4. Ouers sal op 6 September 2024 in kennis gestel word van die uitslag van hulle aansoek.
5. Ouers moet tussen 17 – 30 September 2024 die uitslag op die WKOD se aanlynsisteem aanvaar.

Die Skoolhoof sowel as die Beheerliggaam het 'n aansoek by die WKOD ingedien, vir die aanpassing van die WKOD Gr R toelatingsdatums vir 2025.

- Hierdie aansoek is egter deur die WKOD afgekeur.
- Daar is 'n vergadering met die WKOD amptenare belê, sodat die aangeleentheid opnuut bespreek kon word. Ongelukkig is dit vir die 2de keer deur die WKOD afgekeur.
- Ons is bewus dat die Onafhanklike Gr R skole in die omgewing se toelatingsproses reeds geopen het. Dit veroorsaak dat u as ouer/voog dus gespanne mag wees of u kind wel 'n plek in Durbanville Voorbereidingskool Preprimêr vir 2025 sal hê.

Ons vra dat u intussen die skool per epos inlig of ons wel u skool van voorkeur is.

- Eposse kan gerig word aan mev Elzette Esterhuyse by admissionspp@dvprep.co.za.
- Ouers wat reeds boeties/sussies in die skool het of gehad het moet seker maak dat u die skool in kennis stel.
- Alle aansoeke sal verwerk word.
- Geen ouer/leerder sal benadeel word wat nie die skool in kennis stel nie.
- Neem ook kennis dat 'n nasorgfasiliteit asook vakansiesorg beskikbaar is.

Ons Gr R leerders is die skool se eerste inskrywings. Let dus op die volgende inligting:

- 150 Gr R Afrikaanse leerders en 50 Gr R Engelse leerders kan geakkommodeer word.
- Hierdie leerders word **OUTOMATIES** oorgeplaas na Gr 1 by Durbanville Voorbereidingskool. Ouers sal dus nie weer aansoek hoef te doen om toelating vir Gr 1 nie.
- Daar is slegs 300 plekke vir Gr 1 leerders, waarvan 200 plekke reeds deur ons **EIE** Gr R leerders gevul word.

- Daar is dus slegs 100 plekke beskikbaar vir buite aansoeke en ons beklemtoon dat daar **GEEN** Onafhanklike voederskole is wat voorkeur geniet nie.

Ons wens vir u en u kind ‘n aangename 2024 toe. Ons sien daarna uit om ons nuwe Gr R leerders en gesinne in 2025 te verwelkom by die Durbie-familie.

Vriendelike groete.



Mnr A. Nel
Voorsitter: Beheerliggaam

Mev A. Mostert
Skoolhoof